



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT **REKENAARPRAKTYK: BOERDERY N5**

(4090354)

16 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

**Kandidate kry 30 minute om die instruksies in die vraestel
voor die aanvang van die eksamen te lees.**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 'n antwoordblad van 3 bladsye.

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
REKENAARPRAKTYK: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word. Toesighouers sal verduidelik indien nodig.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Teorie (40 punte)
AFDELING B: Woordverwerking (50 punte)
Sigblad (70 punte)
Aanbieding (40 punte)

AFDELING A (VRAAG 1–5) moet op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) beantwoord word. VRAAG 5 behels DRUKSTUKKE van instruksies. Die ANTWOORDBLAD en DRUKSTUKKE moet voor in die EKSAMENVOUER geplaas word. Ongeveer 36 minute moet aan hierdie afdeling bestee word.

AFDELING B word gedoen met behulp van woordverwerking, sigblad- en aanbiedingsprogramme, en ongeveer 144 minute behoort aan hierdie afdeling bestee te word.

2. In die geval van 'n kragonderbreking of 'n rekenaar- of drukkerfout, moet die toesighouer die nodige reëlins tref sodat die kandidate kan voortgaan. Die werklike verlore tyd moet bygevoeg word.
3. Indien daar 'n probleem met sekere drukkers is, bv. om spesiale karakters of die watermerk te druk, moet 'n verslag die sentrum se antwoorde vergesel.
4. 'n Kandidaat mag 'n lys ASCII-kodes gebruik. 'n Speltoetser mag gebruik word.
5. Elke antwoord moet slegs op EEN kant van 'n aparte vel papier gedruk word (moenie rug-aan-rug druk nie). DRUKSTUKKE moet in die EKSAMENVOUER geplaas word.
6. Aan die einde van die eksamensessie moet alle DRUKSTUKKE wat nagesien moet word in die EKSAMENVOUER geplaas word en aan die toesighouer oorhandig word. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag of onderafdeling van 'n vraag mag ingegee word. DRUKSTUKKE wat nie nagesien moet word nie, moet aan die einde van elke sessie deur die toesighouer afgehaal word en aan die einde van die dag vernietig word. Geen DRUKSTUKKE hoegenaamd mag uit die EKSAMENLOKAAL verwyder of in die vullisdromme geplaas word nie.
7. DRUKSTUKKE wat nagesien moet word, moet in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel gerangskik word.

8. In AFDELING B (Woordverwerking) mag slegs Courier New 12 pt gebruik word tensy anders vermeld.
In AFDELING B (Sigblad) mag Calibri 11 pt of Arial 10 pt gebruik word, tensy anders vermeld.
9. Sleutel die vraagnommer sowel as jou EKSAMENNOMMER vir elke vraag in soos in die instruksies aangedui. Antwoorde sonder gedrukte EKSAMENNOMMERS sal nie nagesien word nie.
10. Alle werk op die rekenaar moet met gereelde tussenposes gestoor word om te voorkom dat werk tydens 'n kragonderbreking verlore gaan. Geen bykomende tyd sal toegelaat word om sulke verlore werk oor te doen nie. Dit is die kandidate se verantwoordelikheid om hul antwoorde te beskerm deur werk gereeld te stoor.
11. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidaat die DRUKSTUKKE sowel as die kompakskyf/geheuestokkie met die gestoorde antwoorde ingee (behoorlik gemerk met die kandidaat se EKSAMENNOMMER). Indien die kandidaat se werk op die hardeskyf/netwerk gestoor is, moet die toesighouer(s) die antwoorde na 'n kompakskyf/geheuestokkie kopieer en die antwoorde moet van die hardeskyf/netwerk verwyder word. Hierdie diskette moet vir ten minste SES maande deur die eksamenafdeling bewaar word in geval van navrae deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.
12. Geen vraestel mag uit die eksamenlokaal geneem word tot ten minste EEN uur na die aanvang van die laaste sessie nie. Alle vraestelle moet ingegee word voordat kandidate die EKSAMENLOKAAL verlaat.
13. In die geval waar 'n vraestel in meer as een sessie geskryf word, moet toesighouers seker maak dat alle antwoorde gerugsteun en van die hardeskyf/netwerk verwyder word voordat die kandidate vir die volgende sessie in die EKSAMENLOKAAL toegelaat word.
14. Die gebruik van die internet is streng verbode. Selfs al het 'n rekenaar internettoegang, word toegang tot die internet tydens die eksamen verbied. Toegang tot die internet tydens die eksamen word as 'n onreëlmatigheid beskou.
15. Geen kandidaat mag werk vir/met 'n ander kandidaat druk/deel, 'n kompakskyf/geheuestokkie aan 'n ander kandidaat beskikbaar stel of toegang tot 'n ander kandidaat se werk op die netwerk, deur middel van e-pos, die internet of enige ander manier verkry nie. Enige poging om inligting van 'n kandidaat te verkry of inligting oor te dra na 'n ander kandidaat op welke wyse ook al, word beskou as 'n onreëlmatigheid en teen die reëls en regulasies soos uiteengesit deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. Indien 'n onreëlmatigheid teen 'n kandidaat verklaar word, sal verdere stappe gedoen word, en die kandidaat kan van huidige en toekomstige eksamens uitgesluit word.

**MOENIE OMBLAAI VOORDAT DIE TOESIGHOUER
OPDRAG GEE OM DIT TE DOEN NIE.**

AFDELING A: TEORIE

Beantwoord VRAAG 1 tot 4 op die ANTWOORDBLAD (aangeheg).

VRAAG 1

- 1.1 Sagteware word in TWEE kategorieë verdeel, naamlik ... -sagteware.
- A stelsel en toepassing
 - B Windows en Mac OS
 - C transaksie en toepassing
 - D woordverwerking en sigblad
- 1.2 'n Rekenaar wat klein genoeg is om in die hand te pas, staan bekend as ...
- A 'n tafelrekenaar.
 - B 'n slimfoon of tablet.
 - C 'n skootrekenaar.
 - D Al bogenoemde.
- 1.3 Netwerke maak die inligtingsera ('information age') moontlik deur ...
- A verbeterde kommunikasie.
 - B beter toegang tot inligting.
 - C verbeterde konnektiwiteit.
 - D Al bogenoemde.
- 1.4 Die volgende is gewilde kitsboodskapplatforms:
- A MS Word, MS Excel, MS PowerPoint
 - B Chrome, Internet Explorer, Firefox
 - C Facebook Messenger, WhatsApp, Skype, Telegram
 - D Vesel, WiFi, 5G
- 1.5 'n Voordeel van 'n eweknie-netwerk ('peer-to-peer network') is ...
- A dat die netwerk stabiel sal bly al vermeerder die aantal eweknieë aansienlik.
 - B dat data op 'n gesentraliseerde bediener gestoor word.
 - C dat geen virus die netwerk sal beïnvloed nie.
 - D dat die netwerk heel waarskynlik funksioneel sal bly, selfs as een van die nodusse ineenstort.

(5 × 2) [10]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK (aangeheg) te skryf.

- 2.1 Opsporingstoestelle op beeste kan 'n boer help om hul oeste te monitor.
- 2.2 Sigblaaie soos op MS Excel hou rekord van loonstate, plaaswerkers se lone, voorraad, reënvalsyfers en begrotings.
- 2.3 'n Hardeskyf, USB- en SD-kaarte staan ook bekend as bergingstoestelle.
- 2.4 Netwerkargitektuur is die konfigurasie of uitleg van rekenaars, rekenaartoestelle en dienste op 'n netwerk.
- 2.5 Hoëspoednetwerk wat LAN's in 'n dorp of stad verbind, staan ook bekend as 'n PAN.

(5 × 1) [5]

VRAAG 3

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK (aangeheg) neer.

- 3.1 (Mobiele kantoor/Virtuele kantoor) is waar werknemers en sake-eienaars weg van 'n kantoorgehou werk, bv. werk van die huis af, vergader aanlyn, hou seminare via Zoom, Skype.
- 3.2 'n Sleutelbord, muis, luidsprekers, webkamera en mikrofoon is voorbeelde van (randapparatuur/poorte).
- 3.3 'n (Stelsellêer/Versteekte lêer) word by verstek nie deur File Explorer vertoon nie.
- 3.4 (WAN/MAN) is 'n netwerk wat verskeie stede dek en verskillende lokale-areanetwerke verbind.
- 3.5 Die (Storage bin/Recycle bin) is 'n tydelike berging vir lêers en vouers wat uitgevee is.

(5 × 1) [5]

VRAAG 4

- 4.1 Noem TWEE voordele en TWEE nadele van mobiele tegnologieë. (4)
- 4.2 Wat is *e-leer* ? (2)
- 4.3 Definieer die volgende terme:
 - 4.3.1 Bluetooth
 - 4.3.2 Videokonferensie

(2 × 2) (4)
[10]

VRAAG 5

Maak die lêerstruktuur in die REKENAARPRAKTYK - BOERDERY N5-vouer oop.

Beantwoord die volgende vrae op die rekenaar. As 'n kopskrif, voeg jou EKSAMENNOMMER (links) en die VRAAGNOMMER (regs) in. Maak 'n DRUKSTUK en plaas dit in jou EKSAMENVOUER.

- | | | |
|-----|--|-------------|
| 5.1 | Maak die lêer SITRUSVRUGTE in die REKENAARPRAKTYK - BOERDERY N5-vouer oop. | |
| 5.2 | Skep die subvouers LEMOEN na SITROEN in die SITRUSVRUGTE-vouer. | |
| 5.3 | Hernoem die SUURLEMOEN-lêer in die SITRUSVRUGTE-vouer na LEMMETJIE. | |
| 5.4 | Skep 'n Excel-lêer POMELO in die SITRUSVRUGTE-vouer. | |
| 5.5 | Vee die lêer KUMKWAT in die SITRUSVRUGTE-vouer uit. | |
| 5.6 | Skep 'n PowerPoint-lêer POMELO in die SITRUSVRUGTE-vouer. | |
| 5.7 | Vertoon die inhoud van die SITRUSVRUGTE-vouer, en maak 'n skermdrukstuk van hierdie opdragte. Maak seker dat jou kopskrif korrek is. | (8) |
| 5.8 | Vertoon die huidige datum en tyd van jou rekenaar, en maak 'n skermdrukstuk van hierdie opdrag. Maak seker dat jou kopskrif korrek is. | (2) |
| | | [10] |

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: PRAKTIES**VRAAG 6: WOORDVERWERKING**

Hierdie afdeling word op die rekenaar gedoen. Gebruik Arial 12 pt.

Die DRUKSTUKKE wat nagesien moet word, moet in die EKSAMENVOUER geplaas word in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel.

Jy is die administrateur by ZIKHE-SITRUSPLAAS en moet uitnodigings vir die Jaarlikse Sitruskonferensie uitstuur.

VRAAG 6A

1. Gebruik die *mail merge*-funksie om 'n datalêer te skep deur die name en inligting in die tabel hier onder te gebruik:

NAAM	Sihle	Kristen	Thabo	Marcus
VAN	Khoza	Watson	Hlabe	Nel
ADRES	Suurlemoenstraat 6	Greystraat 13	Kirabostraat 2	Koepelstraat 54
DORP	CITRUSDAL	MONTAGU	TZANEEN	KIRKWOOD
KODE	EKSAMENNOMMER	6720	VRAAG 6A	6125

2. Stoor die dokument as VRAAG 6A en druk in landskaporientasie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

(10)

VRAAG 6B

1. Gebruik die *mail merge*-funksie om die uitnodigings aan die deelnemers voor te berei (primêre dokument). Gebruik Arial 12 pt, tensy anders aangedui.
2. Voeg jou EKSAMENNOMMER (regs) en VRAAG 6B (links) in as 'n kopskrif in.
3. Sleutel die primêre dokument op die volgende bladsy in en maak al die veranderinge soos aangedui deur die proefleestekens.
4. Voeg velde in waar dit tussen hakies aangedui word, bv. [NAAM]. Moenie die hakies ([]) insleutel nie. Dit is slegs daar om die veldname aan te dui.
5. Stel 'n linkertabelstop op 10 cm/3.94" in.
6. Linker- en regterkantuintes van die dokument moet 2,54 cm/1" wees.
7. Stoor die dokument as VRAAG 6B en maak 'n DRUKSTUK in portretoriëntasie.
8. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

5^{de} JAARLIKSE SITRUSKONFERENSIE

Cooper Black 18 pt, vetdruk, gesentreer

≠

Tabelstop 10 cm, 3.94"

Hoofweg 21

RANDBURG

1709

≠

[Vandag se datum]

≠

[ADRES]

[DORP]

[KODE]

≠

Geagte [NAAM] [VAN]

≠

Ons nooi u graag uit na ons jaarlikse Sitruskonferensie in Randburg. By dié geleentheid wil ons die uitvoersuksesse en die boerderypraktyke in ons distrikte vier.

Tydens die konferensie sal die deelnemers ook 'n begeleide toer na ons sitrusplase onderneem en die plaasbedrywighede bekyk. Die volgende twee plase sal besoek word:

☐ Stesan Sitrusplaas

☐ Ferndale Suurlemoenplaas

Voeg enige kolpunte in

Ons sien uit na u teenwoordigheid by die konferensie. Bevestig asseblief bywoning voor 31 Oktober 2023.

≠

Sitrusgroete

≠

≠

Thabisa Marivate
Administrateur

}

bokas

(25)


VRAAG 6C

1. Voeg die dokumente VRAAG 6A en VRAAG 6B saam ('merge') in 'n nuwe dokument.
2. Verander die kopskrif na VRAAG 6C op al die bladsye van die nuwe dokument.
3. Druk die saamgevoegde uitnodigings vir Khoza en Hlabe in portretoriëntasie. Stoor die dokument as VRAAG 6C en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENVOUER.

(5)

VRAAG 6D

1. Jy moet etikette ('labels') vir die deelnemers se naamplaatjies druk. Gebruik die toepaslike funksie van die woordverwerkingsprogram om 8 identiese etikette te skep (A-ONE 26501).
2. Vertoon die rande ('borders') van al die etikette.
3. Voeg die volgende inligting en veldname (van VRAAG 6A) in om 8 identiese etikette op een A4-vel in 'n nuwe dokument te skep.



Lettertipe: Century Gothic

Lettergrootte: Reël 1: 14 pt, reël 2 en 4: 12 pt

Belyning: Sentreer teks vertikaal en horisontaal (behalwe waar anders aangedui) binne die etiket

3. As 'n voetskrif, voeg jou EKSAMENNOMMER (links) en VRAAG 6D (regs) in.
4. Voltooi die samevoegingsproses. Stoor die saamgevoegde etikette as VRAAG 6D, druk slegs bladsy een in portretoriëntasie en plaas dit in jou EKSAMENVOUER.

(10)
[50]

VRAAG 7: SIGBLAD

1. Skep die volgende dokument in die sigbladprogram. Gebruik die presiese selverwysings soos aangedui. Moenie die ry- en kolomopskrifte invoeg nie, hulle is net daar om jou te lei (jy sal gepeenaliseer word as jy die verkeerde selle gebruik).

	A	B	C
1	ZIKHE-SITRUSPLAAS		
2			
3	SOORTE SITRUS	KISTE GEPRODUSEER	KOSPRYS PER KIS
4	Suurlemoene	258	485,25
5	Lemoene	884	360,50
6	Pomelo's	460	795,00
7	Kumkwats	535	350,00
8	Sitroene	287	210,50
9	Sagte sitrus	385	680,99
10	Lemmetjies	750	333,33
11			

2. Gebruik Arial 10 pt om die sigblad te skep.
3. As 'n kopskrif, voeg VRAAG 7 (links; in bokas) en EKSAMENNOMMER (regs) in.
4. Maak gebruik van teksoorloop ('text wrapping') vir kolomopskrifte.
5. Vertoon die syfers soos aangedui op die sigblad.
6. Pas die kolomwydtes aan sodat die sigblad op een bladsy pas. MOENIE van die 'Fit to one page'-opsie gebruik maak nie.
7. Stoor die sigblad as VRAAG 7.
8. Druk die sigblad met ry- en kolomopskrifte in portretoriëntasie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

[10]

VRAAG 8: SIGBLAD

1. Herwin die sigblad VRAAG 7.
2. Verander VRAAG 7 in die kopskrif na VRAAG 8.
3. Maak alle veranderinge soos aangedui op die sigblad en volgens die instruksies hier onder.
4. Voeg kolomme, rye en teks in soos aangedui op die sigblad.
5. Voeg horisontale en vertikale rande in volgens die metode wat aan jou bekend is.
6. Sorteer die items volgens die SOORTE SITRUS met ooreenstemmende syfers alfabeties.
7. Voeg formules in waar die letters van die alfabet verskyn, om die volgende berekeninge te doen:
 - A $\text{VERKOOPPRYS PER KIS} = \text{KOSPRYS PER KIS plus (KOSPRYS PER KIS vermenigvuldig met 5\% winsopslag). Gebruik absolute selverwysing waar nodig.}$
 - B $\text{TOTALE VERDIENSTE} = \text{KISTE GEPRODUSEER vermenigvuldig met VERKOOPPRYS PER KIS}$
 - C $\text{VOORSPELLINGS} = \text{Gebruik die toepaslike funksie om die TOTALE VERDIENSTE te bereken. Indien die TOTALE VERDIENSTE groter is as R270 000, vertoon die antwoord as WINS, anders moet die antwoord VERLIES wees.}$
 - D $\text{GROOTTOTAAL} = \text{die som van die kolomme wat aangedui word}$
 - E $\text{AANTAL SOORTE SITRUS} = \text{die aantal SOORTE SITRUS (gebruik 'n funksie)}$
 - F $\text{MINSTE KISTE GEPRODUSEER} = \text{die minimum KISTE GEPRODUSEER (gebruik 'n funksie)}$
 - G $\text{HOOGSTE VERKOOPPRYS PER KIS} = \text{die maksimum VERKOOPPRYS PER KIS (gebruik 'n funksie)}$
 - H $\text{GEMIDDELD TOTALE VERDIENSTE} = \text{die gemiddeld van die TOTALE VERDIENSTE (gebruik 'n funksie)}$
8. Kopieer die formules na die ander selle soos aangedui op die sigblad.

9. Vertoon alle geldwaardes as geldeenheid met twee desimale.
10. Vertoon AANTAL SOORTE SITRUS en MINSTE KISTE GEPRODUSEER as 'n heelgetal.
11. Vertoon HOOGSTE VERKOOPPRYS PER KIS en GEMIDDELDE TOTALE VERDIENSTE en as geldeenheid met 2 desimale.
12. Pas die kolomwydte aan sodat die sigblad op een bladsy pas. Gebruik landskaponiëntasie, maar MOENIE van die 'Fit to one page'-opsie gebruik maak nie.
13. Stoor die sigblad as VRAAG 8.
14. Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

	A	B	C	D	E	F	G	H
1	ZIKHE-SITRUSPLAAS			Voeg saam en sentreer, Goudy Stout 16 pt				
2	oop ry							
3	λ Sitruspryse: 2023	←		Vetdruk, onderstreep				
4	λ Prysopslag	λ 5%						
5	oop ry							
6	Soorte sitrus	Kiste geproduseer	Kosprys per kis	λ Verkoopprys per kis	λ Totale verdienste	λ Voorspellings	Alle kolomopskrifte 6k, gesentreer, 15% grys beskadu	
7	Suurlemoene	258	485,25	A	B	C		
8	Lemoene	884	360,50	↓	↓	↓	Skrap ry	
9	Pomelo's	460	795,00					
10	Kumkwats	535	350,00					
11	Sitroene	287	210,50					
12	Sagte sitrus	385	680,99	↓	↓	↓		
13	Lemmetjies	750	333,33	↓	↓	↓		
14	GROOTTOTAAL	D			→			
15	AANTAL SOORTE SITRUS		E					
16	MINSTE KISTE GEPRODUSEER	F						
17	HOOGSTE VERKOOPPRYS PER KIS	Voeg in, 6k		G				
18	GEMIDDELDE TOTALE VERDIENSTE				H			
19								

[40]

VRAAG 9: SIGBLAD: FORMULES

1. Herwin die sigblad VRAAG 8.
2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 9.
3. Vertoon die formules.
4. Versteek kolom A.
5. Pas die kolomwydtes aan sodat alle formules sigbaar is.
6. Stoor die sigblad as VRAAG 9. Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op een A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

[13]**VRAAG 10: SIGBLAD: GRAFIEK**

1. Herwin die sigblad VRAAG 8.
2. Skep 'n BUNDELKOLOMGRAFIEK ('clustered column chart') om die KOSPRYS PER KIS met die VERKOOPPRYS PER KIS te vergelyk.
3. Voeg die volgende grafiektitels in:
WINS UIT SITRUSVERKOPE
EKSAMENNOMMER
VRAAG 10
4. Voeg primêre horisontale as-titel in: SOORTE SITRUS
Voeg primêre vertikale as-titel in: SITRUSPRYSE
5. Vertoon die legende bo die grafiek.
6. Skuif die grafiek na 'n nuwe BLADSY en stoor die grafiek as VRAAG 10. Druk op een A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

[7]**VRAAG 11: AANBIEDING**

1. Jy moet vir die 5^{de} Jaarlikse Sitruskonferensie 'n aanbieding maak. Begin op 'n leë skerm in PowerPoint en skep 'n aanbieding met DRIE skyfies.

2. Voer al die veranderinge uit volgens die instruksies hier onder en pas alle manipulasie-instruksies toe soos gegee op die volgende bladsy.
3. As 'n voetskrif, voeg jou EKSAMENNOMMER (links) en VRAAG 11 (regs; in hoofletters) in. Maak seker dat die DATUM op elke skyfie verskyn. Gebruik Arial 16 pt.
4. Kies die CIRCUIT-tema vir die aanbieding.
5. Druk die aanbieding as 'n uitdeelstuk ('handout') met TWEE skyfies per bladsy in LANDSKAPORIËNTASIE in GRAYSCALE en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENVOUER.

SKYFIE 1:



Voeg die SITRUS-beeld hier in.
Verander die hoogte en breedte van die prent na 6 cm/3.15".
Skuif die prent na die boonste regterkantste hoek van die skyfie.

Elephant 48 pt, sentreer

SITRUSKONFERENSIE

UITVOER- EN BOERDERYPRAKTYKE

Aharoni 36 pt, regsbelyn

SKYFIE 2:

HOEKOM SOMERSITRUS UIT SUID-AFRIKA?


Rockwell 40 pt, kursief, regsbelyn en voeg 'n 3 pt-rand om die opskrif

- Suid-Afrikaanse sitrus is heerlik, soet en van hoë gehalte.
- Spesiale variëteite is beskikbaar om plaaslike voorraad aan te vul.
- Ons oorpresteer deurlopend wanneer dit kom by die nakoming van streng standaarde vir die kweek, oes en verskeping van ons sitrus.

Verander na Tahoma 28 pt
Verander kolpunte na genommerde lys
Verander reëlafstand na 1.5

SKYFIE 3:

Voeg 'n leë skyfie in.
Voeg in: SmartArt, Hierarchy, Organisation Chart
Verander Shape Fill na No Fill en maak lettertipe swart
Voeg teks in soos aangedui en gebruik Calibri 44 pt, vetdruk



[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOT TOTAAL: 200

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--

16 November 2023

ANTWOORDBLAD

REKENAARPRAKTYK: BOERDERY N5

--

%

Hierdie antwoordblad bestaan uit 3 bladsye.

EKSAMENNOMMER:

SENTRUMNOMMER:

AFDELING A

VRAAG 1

- 1.1 _____
- 1.2 _____
- 1.3 _____
- 1.4 _____
- 1.5 _____

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 2

- 2.1 _____
- 2.2 _____
- 2.3 _____
- 2.4 _____
- 2.5 _____

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

- 3.1 _____
- 3.2 _____
- 3.3 _____
- 3.4 _____
- 3.5 _____

(5 × 1) **[5]**

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--

VRAAG 4

4.1 VOORDEEL

NADEEL

(2 × 2) (4)

4.2

(2)

4.3 4.3.1

4.3.2

(2 × 2) (4)